

Module 1: Grondbeginsels van Dissipelskap

Die hart van 'n dissipel

Ten einde te verstaan wat met 'n ware dissipel bedoel word, moet Mattheus 10 wat soos 'n handleiding lees bestudeer word. Dit dien as 'n gids vir die ware dissipel as volgeling van Jesus. By die lees van Mattheus 10, verkry ons 'n baie goeie begrip van wat dit beteken om 'n dissipel van God te wees. Jesus self som dus die hart of essensie op van wat dit beteken om 'n dissipel, soos vervat in hierdie skrifgedeelte.

In die heel eerste sinvers lees ons en Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees. Jesus het dus dadelk gedeel met die outoriteit van die dissipel teenoor die werke van onrein geeste ten einde hul uit te dryf. Hy het aan sy dissipels die outoriteit gegee om alle tipes siekte en krankhede te verdryf in die naam van Jesus. Hierdie mag het hy nie net aan die 12 gegee nie, maar ook aan die latere 70, asook ons wat volg in sy voetspore.

Gevolgtrek wandel dissipels in mag en outoriteit. 'n Dissipel het die outoriteit om te bind en te ontbind, om vestings en skanse neer te werp (2 Korintiërs 10) en om lig te bring waar duisternis heers. Neem kennis die begrip outoriteit sal later in die kursus bespreek word. In vers 2 volg 'n naamlys van die dissipels, eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andreas sy broer, Jakobus die seun van Sibedeus en Johannes sy broer. Fillippus en Bartolomeus, Thomas en Mattheus die tollenaar, Jakobus die seun van Alfeus en Lebeus wat genoem word Thaddeus, Simon Kananites en Judas Iskariot die een wat Hom verrai het.

Waarom is bogenoemde belangrik? 'n Dissipel word deur God getoets. 'n Ware dissipel is selfs aan satan bekend. 'n Ware dissipel word by sy naam geken. Ons kan mense om die bos lei met ons slim woorde en ons vroom optrede en gedrag, maar net die Here weet of ons waarlik Sy kinders is of nie. Slegs Hy weet of ons Hom waarlik ken en dien, of liefhet. 'n Ware dissipel word dus geken in die geestes realm en sal dus wandel in daardie outoriteit. *2 Timotius 2:19: ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seel, die Here ken die wat syne is, en laat elkeen wat die naam van Christus noem, afstand doen van ongeregtigheid.* “

Soveel talle gelowiges probeer om die geestes realm te fop en gee voor dat hulle wandel in die salwing en outoriteit maar die geestes realm weet wie se harte werklik uitverkoop is vir die koningryk. Dit is die ware fiets van die saak. God weet dit, asook die duiwel en elke engel en demon. 'n Ware dissipel wandel in outoriteit en beklee 'n ware stand in die geestes realm, terwyl n' persoon wat nie waarlik met God wandel nie 'n bedriener is en word vinnig blootgestel ten opsigte van geestelike sake.

Module 1: Grondbeginsels van Dissipelskap

Die Here kyk na ware dissipels. Sodanige dissipels sal geken word deur hul wandel in die waarheid. Hulle wandel in God se glorie en hul wandel in die Gees van God. Vir sodanige dissipels bestaan daar geen valse voorwendsels nie en is daar geen skynheiligheid nie. Hulle hele bestaan is Christus en hul totale lewe is gerig om Christus.

Wanneer ons dus 'n naamlys van dissipels vind, is dit 'n verklaring dat hierdie dissipels waarlik geken word, eg is en werklik die ware Meester dien. Aan sulke dissipels verleen die Here die vergunning van alle outoriteit in Sy naam sodat daardie dissipels die koningkryk se plan en doel kan dien.

Die vraag is egter word ons geken in die geestes realm en word ons beskou as vriend en dissipel deur die Here self? Indien wel, wandel ons in outoriteit, want die krag kom van bo en nie van hier onder nie. Die vinnigste manier om te toets of iemand 'n ware dissipel is is wanneer so 'n persoon in 'n konfrontasie kom met 'n demoniese teenwoordigheid. Laasgenoemde sal weet of dit 'n ware seun of dogter van God is. Maar deesdae skram die kerk weg van sodanige konfrontasies deur dat dissipels blootgestel word deur hul name en nie deur hemelse herkenning nie.

'n Ware dissipel word nie gevorm deur allerlei titels, verkry deur onderrig of geld of status nie – 'n ware dissipel word gevorm deur sy verhouding met God en hoedanig en hoeveel hy himself neerle en oorgee. 'n Ware dissipel dien slegs die Here en nie mense of iets anders nie. Maar in hierdie dae sal die ware en valse of nagemaakte dissipels blootgestel sord. Want die een wandel waarlik in God se weë, krag, waarheid en outoriteit met ware tekens, wonders en wonderwerke en die ander een tree op deur verleiding, geestelike onstandvastigheid en in die vlees. Die nagemaakte dissipel opereer deur die metafisiese, dus pseudo geestelike en nie deur verhouding nie.

Ons bogenoemde punt te illustreer lees on uit *Handelinge 19: 11-16*: “En God het buitengewone kragte deur die hande van Paulus gedoen, sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gele is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het. En sommige van die rondtrekkende Jode duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die wat bose geeste gehad het, en te sê, ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig! Dit was sekere sewe seuns van Skeva, n' Joodse owerpriester, wat dit gedoen het. Maar die bose gees het geantwoord en gesê “Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle? Toe spring die man in wie die bose gees was op hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het.”

Die bose geeste was bekend met Paulus as 'n dissipel wat in ware outoriteit gewandel het. Die Joodse towenaars was nie geken deur die demone nie, want hulle was nie ware dissipels nie en is dus so uitgekleed.

Module 1: Grondbeginsels van Dissipelskap

Vanaf vers 6 tot 8 in Mattheus 10 kry ons 'n baie duidelike aanduiding van wat dit beteken om 'n ware dissipel te wees. *“Gaan liever na die verlore skape van die volk Israel toe. 7 Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’ 8 Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.”*

'n Ware dissipel het dus 'n hart vir die verlore, vir behoeftiges, vir siekes en vir die gebroke. Vir die verdrukke en teneergedrukke. Waarom? Jesus het sodanige harts gesinheid - Hy het gekom om sondaars te red, om swakkes op te help, om vrylating aan die gevangene na gees en emosies te bring en om hoop te gee aan hulle wat alle hoop verloor het. 'n Dissipel is dus soos die Meester. So ook behoort dissipels Jesus vandag nog te volg met 'n hart vir die verlore gaandes en hulle wat gekwel is.

Johannes die Doper was die stem wat in die wilderness geroep het - Bekeer julle want die koninkryk van God is naby! Vandag spesifiek behoort 'n soortgelyke geroep gehoor te word en dit moet die geroep wees van die volgelinge van Jesus aan 'n verlore wêreld. Ons behoort te gaan na hulle wat Jesus nie ken nie en ons roepstem behoort te wees *“Bekeer julle, want die koninkryk van God is reeds op hande want Jesus het ook 2000 jaar gelede gekom en Hy het alreeds Sy hemelse koninkryk gevestig!”* Die koninkryk moet in sy volheid manifesteer aan die voleinding van die tyd met die koms van die nuwe Jerusalem.

Met die groot opdrag het Jesus reeds Sy dissipels ingelig dat hulle die ganse wêreld moet ingaan en die goeie nuus moet oordra sowel as Jesus se leringe. Een van die sleutel mandate van 'n dissipel is om te preek en die goeie nuus oor te dra. Dit is die mandaat, doel en roeping aan alle dissipels om die spoedige koms van die koninkryk van God te proklameer, met daarmee gepaargaande bekering van sondes en 'n terugdraai of terugkeer tot God. In Johannes 20:21 staan daar: *“Vrede vir julle!” sê Hy weer vir hulle. “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”*

In Mattheus 10 praat Jesus ook van die dissipels se mandaat om siekes te genees, melaatses te reinig, dooies op te wek en duiwels uit te dryf. Hier word weereens van outoriteit gepraat, maar dit is die outoriteit wat van God afkomstig is aan Sy ware volgelinge.

Jesus praat ook van julle het dit verniet ontvang en verniet moet julle dit gee. Dit behoort die hart van die dissipel te wees. 'n Dissipel is nie 'n persoon wat leef vir sy eie glorie nie, het ook nie 'n self liefde of liefde vir sy eie plesier, roem of eie gewin nie. In Mattheus 5 beklemtoon Jesus dat die armes van gees, die treurendes, die sagmoediges en die barmhartiges sal geseend wees.

Die dissipel leef vir God en vir God se glorie alleen en sal dus die wereld ingaan slegs vir die glorie van God. Die dissipel leef dus die saligsprekinge voluit. *Mattheus 10:9-15: “Moenie vir goud of silwer of koper in julle beursies sorg nie*

Module 1: Grondbeginsels van Dissipelskap

10 en moenie vir die pad 'n reissak aanskaf of nog 'n kledingstuk of skoene of 'n stok nie. 'n Arbeider is tog geregtig op onderhoud. 11 "As julle in 'n stad of dorp kom, stel dan vas by wie julle daar kan tuis gaan en bly by hom totdat julle die reis voortsit. 12 As julle in die huis kom, wens die mense vrede toe. 13 As die huismense se gesindheid goed is, handhaaf julle vredewens vir die huis. Maar as hulle nie goedgesind is nie, trek julle vredewens dan terug. 14 As iemand julle nie ontvang nie en nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en skud die stof van julle voete af. 15 Dit verseker Ek julle: Dit sal in die oordeelsdag vir die gebied Sodom en Gomorra draagliker wees as vir daardie dorp."

Jesus herinner ons in Mattheus daaraan dat 'n dissipel eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid moet soek, en daarna sal die res bygevoeg word. Dit is die hart van 'n dissipel - God se koninkryk en die glorie van die koninkryk bo sy eie glorie, selfverryking en eie glorie rykheid. Dis is wat Jesus beklemtoon het. 'n Dissipel van God moet eerstens en altyd sy vertrou en geloof ten volle in God se hande plaas. 'n Dissipel moet ook nie bekommerd wees oor wêreldse dinge soos kos en klere nie – die Vader sal voorsien aan Sy dissipels.

Dus word ons in Matteus 10 in verse 9 en 10 herinner daaraan dat 'n dissipel altyd in alles op God moet vertrou. Jesus het self beveel dat geen sandale, voedsel of kledingstuk of selfs goud of silwer saamgeneem moet word nie, want daardeur wou Hy aan hulle leer en demonstreer dat hulle vertrou en geloof, soos 'n mosterd saad, in die lewende God moet hê.

Jesus het Sy dissipels geleer dat hulle alleen die koninkryk van God moet soek en waar hul okal gaan sal die Here vir hulle voorsien. 'n Dissipel moet leun, vertrou en steun op God. 'n Dissipel se wil is onderhewig en onderwerp aan die wil en weg van die lewende God. Die hart van die dissipel is dus God se koninkryk en die koninkryk is Sy bron, Sy krag, Sy vreugde, Sy hoop en Sy liefde. 'n Dissipel leef dus vir God en God alleen. Ons lees in Matteus 10 die volgende: *12 As julle in die huis kom, wens die mense vrede toe. 13 As die huismense se gesindheid goed is, handhaaf julle vredewens vir die huis. Maar as hulle nie goedgesind is nie, trek julle vredewens dan terug. 14 As iemand julle nie ontvang nie en nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en skud die stof van julle voete af. 15 Dit verseker Ek julle: Dit sal in die oordeelsdag vir die gebied Sodom en Gomorra draagliker wees as vir daardie dorp."*

Jesus voorsien ons van 'n waarheid om te oordink. Hy se aan Sy dissipels dat waar hulle okal mag gaan, moet hulle hul vrede daar agterlaat as hulle welkom was. Maar indien hulle nie verwelkom is nie moet hulle hul vrede na hulle laat terugkeer.

Module 1: Grondbeginsels van Dissipelskap

So dikwels is ons bang vir die wêreldse opinie of bang om aanstoot te gee en so dikwels wil ons as dissipels die wêreld tevrede stel, maar ons vergeet dat die mandaat van die dissipel is juis om te staan en standpunt in te neem vir God se waarhied en om daardie waarheid gestand te doen. Ons is nie hier om mense te vrede te stel nie maar alleen God. Na alles gaan dit alles oor God en Sy eer en vir die opbou van daardie eer moet die dissipel selfs bereid wees om te veg.

Lukas 12:8 “En Ek se vir julle, Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal die Seun van die mens ook bely voor die engele van God.” Jesus maak dit baie duidelik aan Sy dissipels wat werklik belangrik is in Sy woord en Sy teenwoordigheid wat by hulle bly en by hulle inwoon. In Johannes 15 sê Jesus dat as ons in Hom bly sal Hy in ons bly. Daarom vir die dissipel van God moet God se waarhied en Sy teenwoordigheid ‘n begeerte wees om na te streef en hulle moet God hoog ag en vrees en nie die mens nie. ‘n Dissipel kan dus eerder ‘n dwaas in die oë van mense wees as om dwaas te wees in die oë van God.

Volgens Lukas 10:17-20 stuur Jesus 70 dissipels uit. *Die twee en sewentig het vol blydskap teruggekom en gesê: “Here, selfs die bose geeste onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam.”* 18 Toe sê Hy vir hulle: *“Ek het die Satan soos ‘n weerligstraal uit die hemel sien val. 19 Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen. 20 En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is.”*

Hier herinner die Here Sy dissipels dat Hy hulle uit stuur soos skape tussen die wolwe in. Hy vermaan hulle om versigtig soos slange en opreg en onskuldig soos duiwe te wees. Hy herinner hulle daaraan om nederig en berouvol van hart te wees, maar ook om waaksaam as wagter op hul pos te wees. Ons moet altyd gewillig wees om te handel volgens die innerlike krag en leiding van die Heilige Gees. Selfs vandag nog stuur die Here ons uit as dissipels soos skape te midde van die wolwe en steeds moet ons uiters waaksaam en versigtig wees. Ons moet onthou dat satan rondloop soos ‘n brullende leeu.

In vers 17 vermaan Jesus Sy dissipels om op hul hoede te wees teen mense wie se weë of natuur dit is om op te tree in opposisie teen God, want hul doel is om die werk van die dissipels te vernietig. Die Here waarsku ook Sy dissipels teen mense wat hulle sal uitlewer aan regsbanke en hulle in sinagoges sal laat gesel. Jesus waarsku ook dat hulle voor goewerneys en konings gebring sal word sodat hul getuienis om Sy onwillig sal lewer, ook aan die heidene. Hy bemoedig hulle om nie bekommerd te wees oor wat hulle moet sê nie, want dit sal aan hulle gegee word in daardie selfde oomblik en uur van behoefte. Dit is na alles nie hulle wat spreek nie, maar die Gees van hulle Vader wat deur hulle sal spreek.

Module 1: Grondbeginsels van Dissipelskap

Dit herinner ons weereens daaraan dat dit deur die mag en krag van die Heilige Gees is wat 'n dissipel moet optree. 'n Dissipel kan dus nie na eie vlees, krag, sterkte, wysheid of insig optree nie. 'n dissipel is wedergebore na die Gees, aanbid in gees en in waarheid en soek en word gelei deur die Heilige Gees slegs dan alleen kan 'n dissipel suksesvol wees in die Groot Opdrag. Die werk van die Heilige Gees in die lewe van 'n dissipel word later bespreek.

Tot vandag toe moet ons as dissipels besef dat ons geroepe is om woord te bring en te onderig op wyses wat die wereld sal konfronteer. Jesus self het gesê Hy nie gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Baie mans en vroue in die geskiedenis het al te staan gekom teen die evangelie van God want dit is 'n waarheid wat hulle dubbele of tweesnydende swaard wat duisternis ontbloot.

As dissipels van God sal ons altyd vervolging en opposisie en teenstand ervaar. Het Jesus nie self in Mattheus 5 gesê in die saligsprekinge dat hulle wat ter wille van geregtigheid vervolgt word salig is nie? Aan hulle behoort die koningryk van die hemele. Ons dink dikwels dat om God se dissipel te wees handel net oor seeninge en voorspoed en ja, die Here sal diegene sien wat Hom volg en wie in Jesus bly. Maar die Here maak dit duidelik dat dit nie altyd maklik gaan wees nie.

Dissipels van die Here is voortdurend betrokke in geestelike oorlogvoering (Efesiërs 6) want hulle is deel van God se weermag. Ons is daagliks in geestelike gevegte berokke as ons veg vir verlore gaandes, die wie geestelik sterf en in geestelike nood verkeer. Satan voer 'n oorlog sedert die ontstaan van tyd, maar ons is geroepe om soldate, wagtters asook dienaars te wees. Soos in die dae van Nehemia toe die stadsmure herbou is deur persone wat die swaard in die een hand en die bouwerk in die ander hand het, so is ons ook geroep om bouers van God se koningryk te wees. Dit is hoe dit met 'n dissipel gaan.

Ons is geroep om na 'n gebroke wereld te gaan, na mense wat God weerstaan en teen Hom rebelleer. Die Here herinner dus Sy dissipels ook vandag nog dat ons nie hoef te vrees nie maar moet glo en vertrou op Hom. Wanneer Jesus aan Sy dissipels sê dat hulle nie bekommerd hoef te wees oor wat hulle moet of sal sê nie, het Hy hulle eintlik vermaan om hul geloofsvertroue te plaas in Sy goddelike wysheid.

Ons lees verder in *Matteus 10:21-23*: “Die een broer sal die ander uitlewer om doodgemaak te word, en selfs 'n pa sy kind; kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle doodmaak. 22 Julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word. 23 As hulle julle in een dorp vervolgt, vlug na 'n ander een toe. Dit verseker Ek julle: Julle sal sekerlik nie klaar wees met die dorpe van Israel voordat die Seun van die mens kom nie”

Hoe die Here ons herinner aan die uitdagings en struikelblokke wat ons as dissipels in die gesig sal moet staar is om ons te waarsku dat dit nie 'n maklike

Module 1: Grondbeginsels van Dissipelskap

padjie gaan wees om te wandel nie. Onthou hierdie wêreld behoort aan die duiwel vir nog 'n tydjie. Die dissipels word ook herinner daaraan dat hulle gehaat sal word deur almal vir Sy naam ontwil, maar dat hulle moet volhard, verduur en uithou.

Jesus herinner ons in *vers 23* “Want voorwaar Ek se vir julle, julle sal met die stede van Israel seklik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie.” Die problem van nie genoegsame arbeiders te hê om die oes in te samel nie bestaan al vir die laaste 2000 jaar. Dit is waarom Jesus sê dat die oes is groot en die arbeiders min. Daar is en was baie Christen volgelinge wat 'n godsdiens navolg, maar wat nie ware volgenlinge van God is met 'n lewendige geloof in Hom nie.

Inderdaad, die oes uitbreiding vergroot maar die werkers getalle vermenigvuldig nie in dieselfde mate om tred te hou met die behoefte om die groot opdrag te kan uitvoer nie.

Kyk ook na verse 24 en 25: “'n Leerling is nie hoër as sy leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy eienaar nie. 25 'n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester, en 'n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar. As hulle die hoof van die huis die skeldnaam Beëlsebul gegee het, sal hulle dan nie sy huisgenote met baie erger name uitskel nie?”

Die Here herinner ons daaraan dat Hy God is en dat ons slegs mense is, dat Hy Jesus is en ons slegs Sy dissipels. In die kerk wil ons vandag demi-gode wees, ons will groter wees as ons Meester, want so dikwels dink ons ons programme en metodes is groter as die doelwit en plan van God. Inerdaad, veelvuldig is die planne van die mens, maar die plan van God sal seevier!

Vers 24 spreek van trots, wat die oorsaak was van die val van satan. Ten einde 'n ware dissipel te wees, moet ons nederig bly, ons plek in die geestes realm ken en moet God se heiligheid en geregtigheid tot die glorie van God in ons lewens manifesteer.

Ons besluit behoort volgens Matt 10:25 so versterk te word, want as Jesus deur die wêreld op Sy dag 'n demoon (Beelsebub) genoem is, hoeveel te meer sal ons as God se dissipels nie bespot word nie. Dit is die weg van die dissipel. Want 'n ware dissipel is 'n vyand van die wêreld se doen van dinge en ons moet te wagte wees om van 'n bespotting gemaak te word, so ook uigejou, vervolg en verwerping te beleef.

Om 'n dissipel te wees beteken om God te volg en nie die wêreld nie. Met ander woorde ons volg die waarheid en nie leuens en wêreldse valshede nie. Jesus bemoedig daarom Sy dissipels om sterk te staan in die waarheid en om staande te bly op die rots Jesus. Glorie en Eer aan die Here!

In vers 26 lees ons “vrees hulle dan nie, wat daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie.” Ons het nie nodig om

Module 1: Grondbeginsels van Dissipelskap

mense, die wêreld of die duiwel te vrees nie, want ons het God met ons. Hy het ons Sy Gees gegee deur wie die gawes van wysheid, kennis en onderskeiding opereer. God gee ons wysheid en insig en die salwing om in outoriteit te wandel en om in oorwinning te triomfeer. 'n Dissipel wandel in outoriteit en opereer op 'n bonatuurlike vlak. Hy leef 'n bo natuurlike lewe vir ons God wat bonatuurlik is en vir wie niks onmoontlik is nie.

Inderdaad, 'n dissipel leef en opereer in die bonatuurlike en die Here openbaar aan Sy dissipels dieper waarhede en Hy leer hul van dieper bekenisse en geheimenisse. Aan Sy dissipels openbaar Hy Sy hart omdat hulle kan optree en bid volgens wat Hy hulle leer en wat Hy openbaar. Gevolgelyk hoef ons nie te vrees nie, want God is met ons en Hy sal ons alles openbaar tot Sy eer en Glorie sodat ons alles kan openbaar wat verborge is in die naam van Jesus. Die Here wil alles wat in die duisternis is en in die skadus is openbaar, want God is lig. Jesus leer ons dat ons as dissipels die lig van die wêreld moet wees want as ons lig skyn dan skyn dit op die duisternis en skadus en dit skyn op die bese weë van die veyand en op alles wat verbode, boos en korrup is.

Dis is waarom ons lig so moet skyn dat God daardeur verheerlik sal word, sodat die vyand uigeklee kan word, vestings ontbloot kan word, wat sal lei tot bevryding en vryheid van al die wat in geestelike slawerny verkeer. Inderdaad, God het die dissipels geroep om in oorwinning en krag en in outoriteit te wandel sodat die taktiek en planne van die duiwel vir eens en vir altyd blootgestel kan word.

Die dissipel kan en hoef hom nooit vir God te skaam nie. 'n Dissipel sal die wil van God najaag ten spyte van terreur of dreigemente. Dit is die kenmerke van dissipels, want 'n ware dissipel sal openlik die woord van God verklaar aan 'n gebroke wêreld ongeag die vervolging en problem wat op sy pad wag. 'n Dissipel glo in Psalm 91 want ons vernag in die skaduwee van die Almagtige. Waarom sal ons vrees as God met ons is? Ja, 'n dissipel het die Here lief, het die konkingryk lief, het God se kinders lief, het die gebroke wêreld lief en sal as gevolg van daardie liefde nie wegstrem, beskaamd of onwillig wees in sy optrede nie, maar sal volhard daarin om die glorie van God te soek.

Laastens, kom ons neem die laaste woorde van hierdie hoofstuk ter harte wanneer Jesus sê *“Wie julle ontvang, ontvang My, en wie My onvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal die loon van 'n profeet ontvang, en wie 'n regverdige ontvang omdat hy 'n regverdige is, sal die loon van 'n regverdige ontvang. En elkeen wat een van hierdie kleintjies net 'n beker koue water laat drink omdat hy 'n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.”*

Dissipelskap handel alles oor God, Sy liefde, Sy waarheid, Sy glorie en om Hom te dien, want dan sal ons wandel in Sy teenwoordigheid en in Gees en waarheid. Dan sal ons wandel dié wees van ware dissipels.